

Handelinge 13

Handelinge 13:1-52

1 En daar was in die plaaslike gemeente in Antiochië sekere profete en leraars, naamlik Bárnabas en Símeon wat Niger genoem word, en Lúcius, die Cirenéër, en Manáen, wat saam met Herodes, die viervors, grootgeword het, en Saulus. 2 En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

3 En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.

4 So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus. 5 En toe hulle in Sálamis kom, het hulle die woord van God in die sinagoges van die Jode verkondig; en hulle het ook Johannes as helper gehad.

6 En hulle het die eiland deurgegaan tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Jesus. 7 Hy was by die goewerneur Sérgius Paulus, 'n verstandige man. Dié het Bárnabas en Saulus laat roep en het versoek om die woord van God te hoor. 8 Maar Élimas die towenaar – want so word sy naam vertaal – het hulle teëgestaan en het probeer om die goewerneur afkerig te maak van die geloof. 9 Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê: 10 Kind van die duiwel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie? 11 En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie.

En onmiddellik het daar donkerheid en duisternis op hom geval, en hy het rondgegaan en gesoek na mense wat hom by die hand kon lei. 12 Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verslae oor die leer van die Here en het geglo.

13 En Paulus en sy metgeselle het afgevaar van Pafos en by Perge in Pamfilië gekom. En Johannes het hulle verlaat en na Jerusalem teruggekeer. 14 Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochië in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit.

15 En ná die lesing van die wet en die profete het die hoofde van die sinagoge na hulle gestuur en gesê: Broeders, as julle 'n woord van opwekking vir die volk het, spreek dan!

16 Toe staan Paulus op, wink met die hand en sê: Israeliete en julle wat God vrees, luister! 17 Die God van hierdie volk Israel het ons vaders uitverkies en die volk verhoog toe hulle bywoners in Egipteland was, en met 'n hoë arm hulle daaruit gelei.

18 En omtrent veertig jaar lank het Hy hulle in die woestyn verdra. 19 En sewe nasies het Hy in die land Kanaän uitgeroei en hulle land deur die lot aan hulle uitgedeel. 20 En daarna omtrent vier honderd en vyftig jaar lank het Hy rigters gegee tot op Samuel, die profeet.

21 En van toe af het hulle 'n koning begeer, en God het aan hulle gegee Saul, die seun van Kis, 'n man uit die stam van Benjamin, veertig jaar lank. 22 En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen. 23 Uit die nageslag van hierdie man het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek, 24 nadat Johannes voor sy koms eers die doop van bekering aan die hele volk van Israel verkondig het. 25 En toe Johannes aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê: Wie dink julle is ek? Ek is dit nie; maar kyk, Hy kom ná my, wie se skoene ek nie waardig is om van sy voete los te maak nie.

26 Broeders, kinders van die geslag van Abraham, en die onder julle wat God vrees, vir julle is hierdie woord van verlossing gestuur. 27 Want die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes het Hom nie geken nie, en deur Hom te veroordeel, het hulle die woorde van die profete vervul wat elke sabbat geles word. 28 En al het hulle niks gevind wat die dood verdien nie, tog het hulle van Pilatus gevra dat Hy omgebring moes word. 29 En toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê. 30 Maar God het Hom uit die dode opgewek. 31 En gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het van Galiléa na Jerusalem, en hulle is sy getuies by die volk.

32 En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, 33 soos daar

ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer.

34 En dat Hy Hom opgewek het uit die dode, sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie, het Hy só gespreek: Ek sal aan julle gee die heilige weldade van Dawid wat betroubaar is. 35 Daarom sê Hy ook op 'n ander plek: U sal u Heilige nie oorgee om verderwing te sien nie. 36 Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders weggeleë en het verderwing gesien, 37 maar Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie.

38 Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, 39 en dat elkeen wat glo, deur Hom geregtig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregtig kon word nie. 40 Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: 41 Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie. 42 En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. 43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly.

44 En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor. 45 Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is. 46 Maar Paulus en Bárnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie – kyk, ons wend ons tot die heidene. 47 Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde.

48 En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.

49 En die woord van die Here is deur die hele land verbrei. 50 Maar die Jode het die godsdienstige en aansienlike vroue en die vernaamste mense van die stad opgehits en teen Paulus en Bárnabas 'n vervolging in die lewe geroep en hulle buite hul gebied verdryf. 51 Toe het hulle die stof van hul voete teen hulle afgeskud en na

Ikónium gegaan. 52 En die dissipels is vervul met blydschap en met die Heilige Gees.

1. Handeling 13:1-3 – Barnabas en Saulus word uitgestuur

1 En daar was in die plaaslike gemeente in Antiochië sekere profete en leraars, naamlik Bárnabas en Símeon wat Niger genoem word, en Lúcius, die Cirenéër, en Manáen, wat saam met Herodes, die viervors, grootgeword het, en Saulus.

2 En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Bárnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het.

3 En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan.

1.1 Vrae by Handeling 13:1-3

1. Wie was almal in Antiochië werksaam as profete en leraars? (vers 1)
2. Vir watter werk moes Barnabas en Saulus afgesonder word? (vers 2)
3. Hoe het die gemeente in Anthiochië hierdie manne afgesonder? (vers 3)

Daar was vyf persone werksaam as profete en leraars in die gemeente in Anthiochië. Heel eerste word Barnabas genoem wat deur die gemeente in Jerusalem na Anthiochië gestuur is toe die berig dat die mense in Anthiochië die Woord van God aangeneem het. Barnabas het al sedert Handeling 4:36 aan ons bekend geword. Hy is 'n Leviet wat van Ciprus afkomstig is en al 'n geruime tyd saam met die apostels werksaam is in die kerk.

Die volgende drie name wat genoem word, is tot nou toe nog onbekend. Lukas noem aangaande elkeen van hierdie drie iets by tot die beskrywing van wie hulle was. Oor Simeon – wat 'n Joodse naam was – sê hy dat hy 'n bynaam gehad het *Niger*. *Niger* beteken *swart* en is van die Latyn afgelei. Op grond van hierdie naam word aangeneem dat Simeon 'n swart man was wat uit Afrika afkomstig is. Sommige verklaarders meen dat hy dieselfde Simeon van Cirene is wat gevra is om Jesus se kruis te dra (Luk 23:26). Daar is egter nie genoegsame inligting om dit te bevestig of

te ontken nie.

Lucius was ook uit Afrika afkomstig. Hy is 'n boorling van Cirene. Lucius is die Latynse weergawe van die Griekse naam Lukas. Sommige wil sê dat hierdie Lucius die Lukas is wat die boek Handelingte geskryf het. Dit is egter onwaarskynlik omdat Lukas homself nooit by name noem in die evangelie of hier in Handelingte nie.

Manaen is van Judea afkomstig en waarskynlik 'n Jood. Hy het saam met Herodes die viervors grootgeword. Hierdie Herodes is Herodes Antipas wat vir Johannes die Doper laat dood maak het en wat ook vir Jesus verhoor het (Mark 6:14-19; Luk 13:31-33; 23:7-12). Hier hoor ons van twee manne wat saam groot geword het, maar twee verskillende weë bewandel het. Herodes het ongelowig gebly en Manaen het 'n verkondiger van Jesus Christus geword.

Saulus word heel laaste genoem waarskynlik omdat hy heel laaste by die gemeente in Anthiochië gevoeg is. Uit die wyse waarop Lukas oor hierdie vyf manne skryf, blyk dit uit die oorspronklike dat Barnabas, Simeon en Lucius onder die profete in Anthiochië getel en dat Menaen en Saulus as die leraars in die gemeente werksaam was.

Die Here het al by die bekering van Saulus deur Ananias aan Saulus bekend gemaak dat hy die Naam van Jesus voor nasies en konings en voor die volk Israel moet uitdra (Hand 9:15). Dit mag wees dat hierdie vyf manne deur hulle bediening in Anthiochië al meer en meer besef het dat die Naam van Jesus ook verder aan ander volke en nasies bekend gemaak moet word.

Tydens hulle bediening aan die gemeente en hulle diens aan die Here het hulle ook gevas. Vas gaan gewoonlik saam met gebed wanneer 'n mens ernstig na die wil van die Here in verband met 'n saak soek. Uit die konteks lei 'n mens dan af dat hierdie vyf manne nie net besef het dat ander volke ook van Jesus moet hoor nie, maar dat hulle die Here ook met vas en gebed gesmeek het om hulle in hierdie saak te lei. Die Here antwoord hulle gebed met die bekendmaking deur die Heilige Gees.

Barnabas en Saulus moet nou afgesonder word vir die werk waarvoor die Here hulle geroep het. **Barnabas en Saulus is vir nou nie meer nodig in Anthiochië nie, maar moet uitgaan om die evangelie van Jesus ook aan ander mense te bring.** En daar moenie meer gewag word nie. Dit moet nou gebeur.

Deur vas en gebed en handoplegging het die gemeente gehoor gegee aan die afsondering van Barnabas en Saulus. Die Heilige Gees het sy wil deur die profete en leraars in die gemeente bekend laat word. Nou blyk dit dat die gemeente saam gevas en gebid. Hierdie keer is daar nie gevas en gebid om agter te kom wat die wil van die Here is nie, want die Heilige Gees het dit reeds bekendgemaak. Die gemeente se vas en gebed was daarop gerig om die Here se seën op die twee manne af te smee.

Verder het hulle vir Barnabas en Saulus die hande opgelê – nie as 'n teken van 'n bevestiging in 'n nuwe amp nie. Hierdie hand oplegging was eerder 'n teken dat die gemeente hulle met die opdrag aan hierdie manne vereenselwig en hulle ondersteuning daaraan toesê. Die hele gemeente is in hierdie opdrag betrek, alhoewel Barnabas en Saulus deur die Here vir die opdrag afgesonder is.

Daarop het die gemeente hulle laat gaan. Toe die gemeente die manne aan die Here se leiding en sorg toevertrou het, het hulle hul laat gaan. Die gemeente was oortuig dat die Here hulle sal lei waar Hy hulle wil gebruik.

2. Handeling 13:4-12 – Die verkondiging van Jesus in Ciprus

4 So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus. 5 En toe hulle in Sálamis kom, het hulle die woord van God in die sinagoges van die Jode verkondig; en hulle het ook Johannes as helper gehad.

6 En hulle het die eiland deurgegaan tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Jesus. 7 Hy was by die goewerneur Sérgius Paulus, 'n verstandige man. Dié het Bárnabas en Saulus laat roep en het versoek om die woord van God te hoor. 8 Maar Élimas die

towenaar – want so word sy naam vertaal – het hulle teëgestaan en het probeer om die goewerneur afkerig te maak van die geloof. 9 Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê: 10 Kind van die duiwel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie? 11 En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie.

En onmiddellik het daar donkerheid en duisternis op hom geval, en hy het rondgegaan en gesoek na mense wat hom by die hand kon lei. 12 Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verslae oor die leer van die Here en het geglo.

2.1 Vrae by Handeling 13:4-12

1. Wie stuur eintlik vir Barnabas en Saulus uit? (vers 4)
2. Waarheen het hulle vertrek? (vers 4)
3. Waarom is hulle na Ciprus toe? (vers 4)

Die Heilige Gees het die gemeente in Anthiochië aangesê om vir Barnabas en Saulus vir Hom af te sonder vir die werk waarvoor Hy hulle geroep het. Op hierdie bevel van die Heilige Gees het die gemeente saam met Barnabas en Saulus gebid en gevas. Maar Lukas skryf nie dat die gemeente hulle toe op die sendingreis uitgestuur het nie. Die gemeente het hulle laat gaan. Die gemeente het Barnabas en Saulus losgemaak van hulle verantwoordelikheid in die gemeente en hulle aan die sorg en regering van die Heilige Gees toe vertrou. Hierop sê Lukas uitdruklik dat **die Heilige Gees** vir Barnabas en Saulus uitgestuur het. Die Heilige Gees is die uiteindelijke Sender van die sendelinge. Hy lei hulle op die weg na die mense toe aan wie God nou die evangelie van Jesus Christus wil bring.

Van Anthiochië af het Barnabas en Saulus in 'n westelike rigting vertrek na **Seleucië** toe. Seleucië was sowat 24km wes van Anthiochië aan die kus by die monding van die Orontesrivier. Seleucië is ook die hawe vir daardie deel van die wêreld. Nêrens word vermeld of daar in Seleucië al 'n gemeente was nie. Die feit dat dit so naby aan Anthiochië was en die feit dat Barnabas en Saulus al vir 'n jaar lank saamgewerk het

in Anthiochië laat 'n mens tog dink dat daar al Christene gewoon het. Van Seleucië af het hulle na **Ciprus** gevaar.

In hierdie tyd was Ciprus 'n afsonderlike provinsie in die Romeinse ryk en het onder die administrasie van die Romeinse senaat geval. Daarom was 'n prokonsul hier in beheer. Die provinsies waar soldate nodig was om wet en orde te handhaaf, het onder die administrasie van die keiser geval en daardie provinsies was 'n goewerneur in beheer – soos in Judea.

Barnabas het in Ciprus groot geword (Hand 4:36). In Tarsus waar Saulus groot geword het, het Saulus self al vir om en by twaalf jaar lank gewerk. Daarom kan 'n mens aanneem dat die mense in Tarsus al die evangelie gehoor het. Daar word nie vir ons berig van 'n gemeente wat al daar ontstaan het nie.

Tot dusver is die evangelie nog nie in Ciprus verkondig nie. **Aangesien Barnabas daar groot geword het**, het hy en Saulus seker biddend besin oor waarheen hulle moet gaan. En die Heilige Gees het hulle gelei om dan na Ciprus te vertrek.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">4. Waarom het hulle die Woord van God in die sinagoges verkondig? (vers 5)5. Hoe was Johannes 'n helper? (vers 5) |
|--|

Die skip waarmee Barnabas en Saulus uit Seleucië vertrek het, het by Salamis vasgemeer. Salamis was die mees oostelike hawe van Ciprus. Dit is egter nie die eerste keer dat hier Christene op Ciprus kom nie. Sommige van die gelowiges wat verstrooi is as gevolg van die dood van Stefanus het ook na Ciprus gevlug, maar hulle het aan niemand behalwe aan die Jode die evangelie van Jesus verkondig (Hand 11:19).

Salamis het 'n groot genoeg Joodse inwoner tal gehad sodat meer as een sinagoge geregverdig was. Barnabas en Saulus – albei gebore Jode – het hulle verkondiging in hierdie sinagoges van Salamis begin. In die sinagoges was dit gebruik dat om enige geleerde man te nooi om met die mense wat in die sinagoge is te spreek (vgl.

Luk 4:16). Afgesien daarvan dat die sinagoges hierdie beleid gehad het om enige geleerde man die geleentheid te gee om te spreek, was die sinagoges ook die plekke waar hulle geweet het daar Godvresende mense (Jode sowel as Jodegenote) vergader is – mense wat die koms van die Messias verwag het. Barnabas en Saulus het die evangelie in die sinagoges verkondig **omdat die sinagoges hulle die geleentheid gebied het en omdat daar Godvresende mense was wat al kennis van die Here en sy Woord het.**

Hoedanige hulp Johannes aan Barnabas en Saulus verleen het, word nie vir ons berig nie. Lukas noem hom eenvoudig 'n helper. Een verklaarder meld dat Johannes 'n ooggetuie was van baie van Jesus se werke en woorde en dat Johannes in hierdie opsig die verkondiging van Barnabas en Saulus gehelp het. Watter werk Johannes ook al verrig het, dit was belangrik vir Barnabas en Saulus.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">6. Waarom het Barnabas en Saulus na Pafos gegaan? (vers 6)7. Wat was besonders aan die goewerneur van Ciprus? (vers 7)8. Wie was Bar-Jesus en waarvoor was hy berug? (vers 6 en 8) |
|--|

Barnabas en Saulus het by Salamis aan die ooste kant van die eiland Ciprus aan land gegaan. Daar het hulle in die sinagoges die evangelie van Jesus Christus verkondig. Op die tydstip wat hulle deur die Heilige Gees gelei is, het hulle van Salamis na Pafos aan die heel weste kant van die eiland vertrek. Pafos is sowat 145km ver van Salamis. In hierdie stadium blyk dit dat daar net hierdie twee groot stede op Ciprus was. Boonop was Pafos ook die hoofstad van Ciprus. Waarskynlik was dit die hoofrede waarom die Heilige Gees vir Barnabas en Saulus na Pafos gebring het – **dit is die hoofstad waar Sergius Paulus tot geloof moes kom.**

In Pafos was Venus – die godin van liefde – die afgod wat hoofsaaklik deur die heidene aanbid is. Aangaande Pafos het die Engelse prediker Spurgeon die volgende gesê: *Athanasius styled its religion 'the deification of lust.' Neither men nor women could resort to the shrine of Venus without being defiled in mind and depraved in character.*

Sergius Paulus was die goewerneur van Ciprus. Inderwaarheid was hy die prokonsul aangesien hy aan die senaat in Rome verantwoording gedoen het. 'n Goewerneur soos Pontius Pilatus in Judea het direk aan die keiser verantwoording gedoen aangesien daar soldate nodig was om wet en orde in die provinsie te handhaaf.

Lukas stel Sergius Paulus verder ook voor as 'n **verstandige man**. Die Here het aan hom die gawe van wysheid en insig gegee. Die Heilige Gees het hierdie gawe van wysheid wat Hy aan Sergius gegee het gebruik om hom **nuuskierig te maak oor die Woord van God wat deur Barnabas en Saulus verkondig word**. Daarom het hy ook vir Barnabas en Saulus laat roep en hulle versoek om die verkondiging van die evangelie te hoor.

Hier kry ons weer dat die Heilige Gees 'n Romeinse amptenaar lei om na die Woord van God te luister. Cornelius was die eerste een van wie ons gelees het (Hand 10) en die Heilige Gees het in detail beskryf hoe Hy Cornelius gelei het om die Woord te hoor. In die geval van Sergius Paulus hoor ons net van 'n gawe wat hy van die Here ontvang het en ons kan aflei dat die Heilige Gees daardie gawe aanwend om Sergius na die Woord van die Here te lei.

Lukas stel die **Bar-Jesus** behoorlik aan ons bekend. Die eerste wat hy van hom noem is dat hy 'n **towenaar** was. Dit is nou al die tweede towenaar met wie die apostels te doen gekry het. Petrus en Johannes het met Simon in Samaria te doen gekry (Hand 8:9-23). Towery word deur die Here verbied (Deut 18:10-11). Hierdie towenaar in Pafos sowel as Simon van Samaria het hulle vermoë om tekens te doen van die duiwel self gekry.

Lukas sê verder dat Bar-Jesus – sy naam in Afrikaans vertaal beteken *seun van Jesus* of *seun van (die) verlosser* – ook 'n **valse profeet** was. Hy het gedink en voorgegee dat hy 'n profeet van God is, maar hy is nie. Lukas noem nie dat daar in Pafos sinagoges was nie. En tog was die Bar-Jesus 'n **Jood**. Hier is dus een wat

sogenaamd tot die verbondsvolk behoort, maar homself teen die Here van die verbond verset omdat hy hom besig hou met goed wat die Here uitdruklik verbied. Met sy sataniese vermoë om towery te pleeg, het hy die heidene in Pafos om die bosgelei deur hulle te laat verstaan dat hy 'n profeet is. Maar omdat die heidene nie die God van Abraham, Isak en Jakob ken nie, is hulle meegesleep deur hierdie swendelaar.

Onder die heidene het hy bekend gestaan as **Elimas** 'n Arabiese naam wat beteken *'n wyse man*. Hierdie towenaar het hom in die geselskap van die goewerneur Sergius Paulus bevind. Waarskynlik het hy as 'n soort van raadgewer vir die goewerneur opgetree, want die heidene was van nature baie bygelowig.

Toe Elimas hoor dat Barnabas en Saulus die woord van God in sy volle omvang en waarheid aan die goewerneur verkondig, het **hy vir Barnabas en Saulus teëgestaan en probeer om die goewerneur afkerig van die geloof te maak**. As Jood het Elimas beslis geweet van wie Barnabas en Saulus in die verkondig gepraat het as hulle die Here aan Sergius verkondig. Aangesien hy al lankal afgewyk het van die weë van die Here het hy die apostels teëgestaan en die goewerneur ontmoedig om verder na hulle te luister. Die verkondiging van die Woord van God sou Elimas ontmasker het en hy sou dan sy inkomste en goeie verhouding met die goewerneur kwyt wees.

- | |
|--|
| <ol style="list-style-type: none">9. Waarom noem Lukas nou vir Saulus Paulus? (vers 9)10. Waarom het Paulus vir Elimas so streng vermaan? (vers 10-11)11. Hoe vergelyk Paulus se vermaning van Elimas met dit wat Elimas van homself voorgegee het? (vers 10)12. Hoe vergelyk dit wat met Elimas gebeur het met dit wat met Paulus self gebeur het? (vers 11, vgl. Hand 9:3-19)13. Wat was die gevolg van dit wat met Elimas gebeur het? (vers 12) |
|--|

Lukas begin weer met die naam Saulus, maar sê dadelik dat sy naam ook Paulus is. Dit was die gewoonte in daardie dae dat mense twee name gehad het. Een naam

was eie aan die volk en kultuur waaraan hulle behoort het en 'n ander naam vir die ander mense. Saulus was sy Joodse naam waarskynlik na aanleiding van die eerste koning van Israel wat ook tot die stam Benjamin behoort het soos Saulus. Paulus het baie geklink soos Saulus en dit is die naam waarmee hy bekend was onder die algemene bevolking in Tarsus. Paulus beteken *klein* wat waarskynlik verwys die naam na sy liggaamsbou.

Lukas noem vir Saulus hier Paulus **omdat sy sending onder die heidene nou behoorlik posgevat het**. Soos genoem is Paulus die naam waarmee hy bekend was onder al die ander mense wat nie van Joodse afkoms is nie. Van hier af blyk dit ook dat Paulus die leiding op die sendingreis geneem het.

Dit is belangrik om raak te sien dat Paulus hierdie streng vermaning teenoor Elimas uitgespreek het – nie uit sy eie nie – maar omdat hy met die Heilige Gees vervul was. Gelei deur die Heilige Gees het Paulus geweet dat hy en Barnabas nie vir Elimas maar kan laat begaan nie. Elimas bevind homself in die mag van die duiwel wat die werk van die Here teëstaan. **En vanweë sy eie sondige geaardheid was Elimas 'n gewillige instrument van die duiwel om te probeer keer dat die prokonsul tot geloof kom in Jesus Christus**. Die Heilige Gees het vir Paulus by hierdie geleentheid gelei soos wat Hy vir Petrus gelei het toe hy vir Ananias en Saffira en vir Simon die towenaar moes vermaan (Hand 5:3-4, 9; 8:20-23).

Wanneer iemand geestelike selfmoord wil pleeg, is dit een ding. Maar dit is nooit reg om in die proses ook ander mense te laat ondergaan nie. Wanneer iemand besluit om alles wat hy van God geleer het te laat vaar en in sy hart verbitterd raak teenoor die Here, is dit sy eie besluit. Maar wanneer hy ander mense saam met hom te gronde wil rig deur sy woorde of voorbeeld, vererger hy sy skuld voor die Here. Elimas het homself voorgedoen as iemand wat vol wysheid is, want dit is die betekenis van sy naam Elimas. Deur Paulus wys die Heilige Gees egter daarop dat Elimas **vol van alle bedrog en alle listigheid** is. Sy Joodse naam *Bar-Jesus* wil te kenne gee dat Elimas 'n seun van die verlosser of selfs 'n volgeling van Jesus is, maar in werklikheid is hy **'n kind van die duiwel**. In plaas daarvan dat hy as

sogenaamde profeet die geregtigheid bevorder, is hy besig om **die reguit weë van die Here te verdraai**. Deur hierdie vermaning is die greep van die duiwel via Elimas oor Sergius Paulus ook verbreek.

Die bestraffing wat die Heilige Gees Paulus oor Elimas laat uitspreek het – naamlik, dat hy blind sal wees en vir 'n tyd lank die son nie sien nie – sou Paulus sekerlik herinner het aan wat met homself op die pad na Damaskus gebeur het. Iemand wat die Here weerstaan is geestelik blind, soos wat Paulus ook was. Die blindheid waarmee die Here vir Elimas getref het, het sy geestelike blindheid aan hom beklemtoon. Paulus het deur die ervaring wat hy in Damaskus gehad het tot bekering gekom. Wat Elimas betref weet ons nie of hy deur hierdie ervaring tot bekering gekom het nie, want ons hoor nie weer van hom nie.

Sergius Paulus het gesien wat onmiddellik met Elimas gebeur het. Deur die oordeel waarmee die Here vir Elimas getref het en die ferm woorde van Paulus, is Elimas ontmasker as 'n bedrieër. Sergius het gesien dat Paulus ten volle oortuig is van die leer van die Here wat hy en Barnabas aan Sergius verkondig het. Maar dit was nie die blindheid van Elimas wat hom oortuig het om te glo nie. **Hy was verbaas oor die leer van die Here, daarom het hy geglo.**

Lukas meld nie iets spesifiek van die leer van die Here nie, daarom kan ons aanvaar dat die oneindige groot genade van God in Christus vir Sergius verbaas het. Deur hierdie evangelie het die Heilige Gees die prokonsul tot bekering en geloof in Jesus Christus gebring.

3. Handeling 13:13-52 – Die verkondiging in Anthiochië in Pisidië

13 En Paulus en sy metgeselle het afgevaar van Pafos en by Perge in Pamfilië gekom. En Johannes het hulle verlaat en na Jerusalem teruggekeer. 14 Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochië in Pisidië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit.

15 En ná die lesing van die wet en die profete het die hoofde van die sinagoge na hulle gestuur en gesê: Broeders, as julle 'n woord van opwekking vir die

volk het, spreek dan!

16 Toe staan Paulus op, wink met die hand en sê: Israeliete en julle wat God vrees, luister! **17** Die God van hierdie volk Israel het ons vaders uitverkies en die volk verhoog toe hulle bywoners in Egipteland was, en met 'n hoë arm hulle daaruit gelei. **18** En omtrent veertig jaar lank het Hy hulle in die woestyn verdra. **19** En sewe nasies het Hy in die land Kanaän uitgeroei en hulle land deur die lot aan hulle uitgedeel. **20** En daarna omtrent vier honderd en vyftig jaar lank het Hy rigters gegee tot op Samuel, die profeet.

21 En van toe af het hulle 'n koning begeer, en God het aan hulle gegee Saul, die seun van Kis, 'n man uit die stam van Benjamin, veertig jaar lank. **22** En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen. **23** Uit die nageslag van hierdie man het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek, **24** nadat Johannes voor sy koms eers die doop van bekering aan die hele volk van Israel verkondig het. **25** En toe Johannes aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê: Wie dink julle is ek? Ek is dit nie; maar kyk, Hy kom ná my, wie se skoene ek nie waardig is om van sy voete los te maak nie.

26 Broeders, kinders van die geslag van Abraham, en die onder julle wat God vrees, vir julle is hierdie woord van verlossing gestuur. **27** Want die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes het Hom nie geken nie, en deur Hom te veroordeel, het hulle die woorde van die profete vervul wat elke sabbat gelees word. **28** En al het hulle niks gevind wat die dood verdien nie, tog het hulle van Pilatus gevra dat Hy omgebring moes word. **29** En toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê. **30** Maar God het Hom uit die dode opgewek. **31** En gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het van Galiléa na Jerusalem, en hulle is sy getuies by die volk.

32 En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, **33** soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer. **34** En dat Hy Hom opgewek het uit die dode, sodat Hy nie

meer tot verderwing sou terugkeer nie, het Hy só gespreek: Ek sal aan julle gee die heilige weldade van Dawid wat betroubaar is. 35 Daarom sê Hy ook op 'n ander plek: U sal u Heilige nie oorgee om verderwing te sien nie. 36 Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders weggelê en het verderwing gesien, 37 maar Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie.

38 Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, 39 en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie. 40 Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: 41 Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie. 42 En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. 43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly. 44 En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor. 45 Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weerspreek wat deur Paulus gesê is. 46 Maar Paulus en Bárnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie – kyk, ons wend ons tot die heidene. 47 Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde.

48 En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe. 49 En die woord van die Here is deur die hele land verbrei. 50 Maar die Jode het die godsdienstige en aansienlike vroue en die vernaamste mense van die stad opgehits en teen Paulus en Bárnabas 'n vervolging in die lewe geroep en hulle buite hul gebied verdryf. 51 Toe het hulle die stof van hul

voete teen hulle afgeskud en na Ikónium gegaan. 52 En die dissipels is vervul met blydskap en met die Heilige Gees.

3.1 Vrae by Handeling 13:13-52

1. Wie was Paulus se metgeselle wat saam na Perge vertrek het? (vers 13)
2. Waar is Pamfilië geleë? (vers 13)
3. Waarom het Johannes vir Paulus en Barnabas verlaat om na Jerusalem te gaan? (vers 13)

Vroeër het Lukas gepraat van *Barnabas en Saulus* maar hier en verderaan word Paulus se naam telkens eerste genoem. Soos by vers 9 hierbo opgemerk, het Paulus van hier af meer en meer die leiding geneem in gehoorsaamheid aan die Here (vgl. Hand 9:15). Wanneer Lukas van Paulus se metgeselle praat, verwys hy na **Barnabas en Johannes Markus** wat saam met hom van Anthiochië in Sirië tot in Pafos op Ciprus gereis het.

Nadat hulle die evangelie van Jesus Christus in die land waar Barnabas groot geword het verkondig het, vertrek hulle noordwaarts na Klein Asië wat vandag as Turkye bekend is. Pamfilë was 'n kus provinsie van die Romeine. Aan die ooste kant van Pamfilë was die koninkryk van Anthiochus geleë en oos van hierdie koninkryk was Silisië die Romeinse provinsie waar Paulus groot geword het in Tarsus. Wes van Pamfilië is Lucië geleë en noord is Pisidië wat deelvorm van die streek Galasië. **Pamfilië is dus aan die suidelike kus van Klein Asië omtrent in die helfte van die kus.**

Attalia – vandag word dit genoem Antalya – is die hawe aan die kus, maar Lukas skryf dat hulle by Perge in Pamfilë gekom het. Perge was 'n binnelandse hawe op een van die groot riviere en was sowat 19km van Attalia af. RL Fox gee in sy boek *Pagans and Christians* (1989) die volgende rede waarom Paulus en Barnabas na Anthiochië in Pisidië vertrek het:

"The contact with Sergius Paulus is the key to the subsequent itinerary of the first missionary journey. From Cyprus Paul and Barnabas struck east to the

newly founded colony of Pisidian Antioch, miles away from any Cypriot's normal route. Modern scholars have invoked Paul's wish to reach the uplands of Asia and recover from a passing sickness. . . . We know, however, that the family of the Sergii Pauli had a prominent connection with Pisidian Antioch . . . the Sergii Pauli's local influence was linked with their ownership of a great estate nearby in central Anatolia: it is an old and apt guess that these connections go back to the time of Paul's governor. They explain very neatly why Paul and Barnabas left the governor's presence and headed straight for distant Pisidian Antioch. He directed them to the area where his family had land, power and influence. The author of Acts saw only the impulse of the Holy Spirit, but Christianity entered Roman Asia on advice from the highest society."

Of die kontak met Sergius Paulus werklik aanleiding gegee het tot hierdie reis noord is nie so van belang nie. Dit is belangrik om daarop te let dat die Heilige Gees verskeie maniere gebruik om vir Paulus te lei na waar Hy die evangelie wil laat verkondig.

Verskeie redes word deur verskillende skrywers gegee vir Johannes Markus se terugkeer na Jerusalem. **Lukas dui egter geen rede aan nie.** Ons weet wel dat Paulus nie baie gelukkig was met hierdie optrede van Johannes nie (Hand 15:38) en dit het daartoe gelei dat Paulus en Barnabas nie weer saam op 'n sendingreis vertrek het nie.

Die redes wat deur kommentare gegee word vir Johannes se terugkeer na Jerusalem is soos volg: hy het na sy ouerhuis verlang (Hand 12:12), hy was bang vir die siektes (Gal 4:13), hy het nie kans gesien vir die reis deur die Taurusberge noord van Perge nie. In daardie tyd sou hierdie berge die moontlikheid van rowerbendes kon inhou. Ander meen dat Johannes nie geneë was dat Paulus nou die leiding by sy neef Barnabas oorgeneem het nie. Nog ander dink daaraan dat Johannes se verbintenis tot die gemeente in Jerusalem daartoe gelei het dat hy nog nie kon insien dat die heidene volheid in die kerk ontvang kan word nie. Daarvoor sou hy en Paulus beslis gebots het.

4. Waarom was Anthiochië in Pisidië so 'n besondere plek om met die sendingwerk te begin? (vers 14)
5. Waarom het Paulus en Barnabas na die sinagoge gegaan op die sabbatdag? (vers 14)

Anthiochië in Pisidië was die hoof militêre en politieke sentrum in die suidelike deel van die provinsie Galasië. Dit was ook 'n Romeinse kolonie – die burgers van die stad het dieselfde regte en voorregte geniet as iemand wat 'n burger in Rome was. Daarby was Anthiochië ook op die hoofpad tussen Efese en die Eufraatrivier. **Om hierdie redes sou Anthiochië 'n goeie plek wees om met die sendingwerk te begin.** Dit was Paulus en Barnabas se werkswyse op Ciprus ook – hulle het van Salamis na die hoofstad Pafos vertrek om die evangelie daar te verkondig.

Seleukus I het ook hierdie stad begin bou in 281 vC soos die Anthiochië in Sirië. Anthiochië in Pisidië was sowat 220km van Perge af en ongeveer 1 100m bo seevlak. Anthiochië is geleë in 'n deel wat omring is deur mere op die plato van die binneland van Klein Asië. Ons weet dat Paulus siek was toe hy in hierdie dele van Klein Asië die evangelie kom verkondig het (Gal 4:13). Na alle waarskynlikheid het hy malaria gekry in die laerliggende dele en wou om hierdie rede so gou moontlik in die binneland kom.

Net soos wat Paulus en Barnabas in Salamis gedoen het, het hulle in Anthiochië ook op die sabbatdag na die sinagoge gegaan. **Die mense – Jode en Godvresendes – wat die sinagoges bygewoon het, het reeds 'n kennis van die Woord en die werk van die Here.** Hierdie kennis was vir Paulus en Barnabas die aanknopingspunt om met die verkondiging van die evangelie te begin. Dit was ook van Salamis af Paulus se werkswyse om eers in die sinagoge aan die Jode die evangelie te verkondig voordat hy dit aan die heidene verkondig het.

6. Waarom het die hoofde van die sinagoge vir Paulus en Barnabas gevra om 'n woord tot die volk te spreek? (vers 15)

Die erediens in die singagoge het gewoonlik soos volg verloop: Daar was die openingsgebede waarvan die Shema (Deut 6:4) deel was. Daarop is daar twee gedeeltes uit die Woord voorgelees – ’n gedeelte uit die wet of die eerste vyf boeke van die Bybel en daarna ’n aansluitende gedeelte uit die profete. Hierna het die hoofde van sinagoge aan ’n geleerde persoon die geleentheid gegee om ’n stigtelike woord tot die gemeente te spreek. **Dit was op grond van hierdie gebruik dat Paulus en Barnabas gevra is om ’n woord tot die volk te spreek.**

7. Na wie verwys Paulus as hy die mense aanspreek as *Israelite* en *julle wat God vrees*? (vers 16)
8. Hoe vergelyk Paulus se verkondiging met die van Petrus (Hand 2:14-40) en Stefanus (Hand 7:2-53)?

As apostel van Jesus Christus en voluit bewus van die opdrag wat hy het onder die Israelite en heidene, het Paulus hierdie uitnodiging met albei hande aangegryp. Wanneer hy met sy verkondiging begin, spreek hy albei groepe aan wat in die sinagoge vergader is. Die **Israelite** is die Jode wat van Abraham afstam en tans in die verstrooiing in Anthiochië woon. Die mense wat hy aanspreek as **julle wat God vrees** is die heidene wat agting vir die Here het en respek vir die Joodse geloof, maar hulle het hulleself nog nie voluit tot hierdie geloof verbind nie. Hulle is dus nog nie proseliete of Jodegenote nie. Hierdie tweede groep mense in die sinagoge is mense soos Cornelius vir wie ons in Handeling 10 ontmoet het – hy het agting vir die Here en respek vir die Joodse geloof, maar hy was nie ’n proseliet nie.

Hierdie verkondiging wat Lukas neergeskryf het, is die eerste van drie verkondigings wat Paulus tot die heidene gerig het waarvan Lukas berig. Die ander twee is die verkondiging in Listra (Hand 14:15-17) en die verkondiging in Anthene (Hand 17:22-31). **Hierdie verkondiging van Paulus stem in breë trekke met die van Petrus en Stefanus ooreen.** Daar is eers die voorbereiding en aanloop tot die koms van die Messias (Hand 13:16-25), dan die verwerping, kruisiging en opstanding van die Messias (Hand 13:26-37) en dan volg die toepassing en oproep tot bekering (Hand

13:38-41).

9. Watter dele uit die geskiedenis van Israel beklemtoon Paulus in die aanloop tot die koms van die Messias? (vers 17 tot 25)
10. Watter getuigenis gee Paulus aangaande Jesus uit die optrede en woorde van Johannes? (vers 24-25)

Paulus noem die dinge uit Israel se geskiedenis wat die Jode graag ook in hulle belydenis beklemtoon het. God is die **God van Israel** en Hy het die vaders **uitverkies** (vers 17). God het die Israeliete ook **uit Egipte verlos** en hulle veertig jaar lank deur die woestyn gelei (vers 17-18). Aan Israel het God die **land Kanaän gegee** deur sewe ander volke daaruit te verdryf (vers 19). God het rigters aan sy volk gegee om hulle te regeer (vers 20). Toe die volk 'n koning begeer het, het **die Here eers vir Saul aan hulle gegee en daarna vir Dawid** – die man na God se hart (vers 21-22).

Ons kan aanneem dat Lukas ook in hierdie geval opsommend Paulus se verkondiging weergee. Dit is tog opmerklik dat Paulus baie korter oor die geskiedenis heen gaan as wat Stefanus gedoen het. Paulus se hoof oogmerk is om Jesus Christus aan hierdie mense in Antiochië te verkondig. Daarom loop die hele geskiedenis uit op die koms van Jesus die Verlosser wat volgens die belofte uit die nageslag van Dawid kom (vers 23).

Die werk en optrede van Johannes die Doper was alom bekend ook onder die Jode in die verstrooiing. Daar word selfs opgemerk dat baie evangeliste hulle prediking van Jesus begin het by die optrede van Johannes die Doper (vgl. Mark 1:2-8). Wanneer Paulus van Jesus begin getuig, **beklemtoon hy Jesus se belangrikheid bo die van Johannes die Doper**. Blykbaar was daar onder sommige van die volgelingen van Johannes die Doper wat gedink het dat Johannes self die Messias was en hulle was deel van die Jode in die verstrooiing ook.

Jesus het as Verlosser inderdaad na Johannes die Doper gekom, maar die

Johannes was die een wat eers die weg vir die Here Jesus moes voorberei. Dit moes hy doen deur die doop van bekering aan die hele volk te verkondig. Die tweede wyse waarop dit uit Paulus se verkondig duidelik word dat Johannes minder is as Jesus kom voort uit Johannes se eie woorde. Aan die einde van sy loopbaan het Johannes duidelik getuig dat hy nie die Messias is nie. Die Messias is iemand wat ná Johannes sal kom, maar Johannes self is nie eers werd om sy skoen van sy voete los te maak nie.

11. Waarom noem Paulus weer die verskillende groepe tot wie hy die prediking rig? (vers 26)
12. Wat bedoel Paulus as hy sê dat die inwoners van Jerusalem vir Jesus nie geken het nie? (vers 27)
13. Hoe het die inwoners van Jerusalem die woorde van die profete vervul? (vers 27)

Paulus noem weer in sy verkondiging die mense tot wie hy sy prediking rig. In vers 16 het hy hulle aangespreek as *Israëliete en julle wat God vrees*. Nou noem hy hulle *kinders van die geslag van Abraham en die onder julle wat God vrees*. Dit is steeds die twee groepe mense – die Jode en die heidene wat agting het vir die Joodse geloof en eerbied vir God aangeleer het.

Wanneer Paulus weer hulle so direk aanspreek, doen hy dit om hulle aandag te behou en om te **beklemtoon dat die prediking vir hulle persoonlik bedoel is**. Net nadat hy hulle aangespreek het, sê hy dat die woord van verlossing vir hulle persoonlik gestuur is. Die evangelie van die Verlosser Jesus is vir die Jode en die heidene bedoel. Niemand word op grond van watter rede ook al uitgesluit van die prediking van die Verlosser nie.

In hierdie deel van die verkondiging tot by vers 37 kom Paulus by die verwerping, kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Wanneer Paulus sê dat die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes nie vir Jesus geken het nie, **bedoel hy dat hulle nie werklik besef het dat Jesus die Verlosser en die Seun van God is nie**. Hulle

onkunde word nie toegeskryf aan die feit dat hulle nie geweet het nie, maar eerder dat hulle nie wou erken dat Jesus die Seun van God is nie. In die Jode se oë was Jesus net die seun van Josef en Maria van Nasaret – Hy was vir hulle net 'n gewone mens wat Homself aangestel of voorgedoen het as die Seun van God.

En deurdat **die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes vir Jesus veroordeel het**, het hulle die woorde van die profete vervul. Paulus wys daarop dat dit wat met Jesus gebeur het onder die hand van die inwoners van Jerusalem deur God vooruit bepaal en beskik is. Dit was alles deur die profete vooraf geprofeteer en hierdie profesieë word nog elke sabbat in die sinagoges voorgelees.

Deur die verkondiging wys Paulus dat nie net Jesus se koms na hierdie wêreld nie maar ook alles wat met Hom in Jerusalem gebeur het, is in die Skrif opgeteken. Alles het plaasgevind soos wat God dit beskik en geprofeteer het.

14. Wat sê Paulus van Jesus as hy sê dat *hulle niks gevind het wat die dood verdien nie?* (vers 28)
15. Waarna verwys Paulus as hy sê *toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is?* (vers 29)
16. Wat verkondig Paulus as hy sê dat hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê het? (vers 29)

Paulus beklemtoon dat Jesus inderdaad aan geen misdaad skuldig was, sodat Hy ter dood veroordeel moes word nie. **Jesus het geen sonde gehad** wat die dood verdien het nie. Alhoewel die Jode niks kon vind waaraan Jesus skuldig sou wees nie, het hulle tog by Pilatus daarop aangedring dat Hy doodgemaak moet word.

Soos in vers 26 waar Paulus na die profete verwys het, bevestig hy weer 'n keer dat alles wat die Jode gedoen het – **van die oomblik af dat hulle by Pilatus daarop aangedring het dat Jesus omgebring moet word totdat Jesus uiteindelik aan die kruis gesterf het** – vooraf deur God in die Skrif neergeskryf is. Elke ding wat met Jesus gebeur het, kan in die Skrif nageslaan word. Sonder dat die Jode dit

geweet het, het hulle presies gedoen soos wat geprofeteer is oor Jesus.

Wanneer Paulus sê dat Jesus van die kruishout afgehaal en in die graf neergelê is, verkondig hy twee dinge aangaande Jesus. Die eerste wat duidelik word, is **dat Jesus werklik gesterf het** en daarom is Hy begrawe. Die tweede is **dat Hy as 'n vervloekte gesterf het**. Die woord wat ons vertaal het met *kruishout* kan direk vertaal word met *boom*. Deur van 'n boom te praat verwys Paulus na die woorde in Deuteronomium 21 waarin die Here sê dat elkeen wat 'n boom opgehang is deur God vervloek is.

17. Watter kontras maak Paulus tussen wat mense gedoen en wat God gedoen het ten opsigte van Jesus? (vers 30)

18. Wat beklemtoon Paulus aangaande die opstanding van Jesus? (vers 31)

Vanaf vers 27 het Paulus aangetoon hoe die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes 'n stryd teen God gevoer het. Hulle wou nie Jesus erken as die Seun van God en as die beloofde Messias nie. Hulle het Hom valslik veroordeel, maar selfs dit was vooraf deur God besluit en beskik en dit word elke sabbat gehoor in die profetiese woorde. Selfs toe daar niks by Jesus gevind is wat die dood verdien nie, het hulle by Pilatus daarop aangedring dat Jesus omgebring moet word. In die oë van die Jode was Jesus 'n vervloekte en het Hy ook die dood van vervloekte gesterf.

Teenoor hierdie misdade van die mense teenoor Jesus het God sy Seun uit die dood opgewek. Deur Jesus op te wek, het God sy Seun se regverdigheid bevestig. Deur die opwekking van Jesus het God ook sy tevredenheid met die offer van Jesus Christus vir die sondes van mense getoon. Mense kan maar teen God veg soos wat hulle wil en selfs doodmaak soos wat hulle wil, maar op die ou einde voer hulle net God se besluite uit.

Die opstanding van Jesus was nie net 'n illusie nie en nog minder was dit 'n leuen wat deur die dissipels versprei is. Daar is getuies dat Jesus werklik uit die dood opgewek is. Jesus het gedurende baie dae aan hierdie getuies verskyn en nou

getuig hierdie getuies aan die volk van Jesus se opstanding. Die Christelike geloof is nie 'n filosofie nie. Dit is nie maar net die gebabbel van mense oor 'n klomp wonderlike idees nie. Die Christelike geloof staan vas op die feite van die werk van God self.

19. Wat is die *goeie tyding van die belofte* wat nou deur God vervul is met die opwekking van Jesus? (vers 32)
20. Wat word aangaande Jesus bewys met die aanhaling van Psalm 2? (vers 33)
21. Wat word aangaande Jesus bewys met die aanhaling van Jesaja 55:3 en Psalm 16:10? (vers 34 en 35)

Paulus het al in vers 23 daarop gewys dat Jesus uit die nageslag van Dawid gebore is. Daar het Paulus uitdruklik gesê dat God vir Jesus as Verlosser verwek het volgens die belofte. Dit is natuurlik die belofte waarvan ons lees in Psalm 132:11 waarna Paulus hier verwys.

In vers 32 sê Paulus dat hy en Barnabas die goeie tyding aan die mense in Antiochië bring aangaande hierdie belofte van die Verlosser. Hierdie belofte is aan die vaders gemaak en God het nou hierdie belofte aan die mense van tans vervul toe Hy Jesus uit die dood opgewek het. Dit wil sê, met die opwekking van Jesus uit die dood het God aangetoon dat Jesus werklik die beloofde Verlosser is. **Die goeie tyding van die belofte is dus die goeie nuus dat hierdie belofte werklikheid geword** – Jesus is die Verlosser en Hy het reeds die verlossing volbring, want God het Hom uit die dood opgewek.

Met die aanhaling uit Psalm 2:7 maak Paulus dit duidelik dat Jesus die Seun van God is. Die feit dat God Hom uit die dood opgewek het, is die bewys daarvan. God het sy eie Seun gegee as Verlosser vir mense soos wat Hy aan die vaders belowe het.

Met die aanhaling van Jesaja 55:3 in vers 34 en Psalm 16:10 in vers 35 toon Paulus aan dat Jesus ook die Heilige van God is. Die feit dat God vir Jesus uit

die dood opgewek het nog voordat daar enige verderwing plaasgevind het, is die vervulling van die profetiese woorde van Psalm 16. Jesus is dus werklik die Heilige van God.

Petrus het in sy eerste verkondiging op Pinksterdag ook hierdie woorde uit Psalm 16 aangehaal ter bewys dat Jesus werklik uit die dood opgestaan het. En net soos Petrus wys Paulus ook in sy verkondiging aan die mense in Anthiochië dat die belofte van Psalm 16 nie op Dawid sien nie, want Dawid het gesterf en verderwing gesien, maar Jesus wat opgewek is, het nie verderwing gesien nie.

Uit verse 32 tot 37 word die volgende aangaande Jesus dus baie duidelik: Jesus is die Seun van God – sy opwekking uit die dood is die bewys daarvan soos dit in Psalm 2 geprofeteer is. Dus is Jesus self ook God. Die opwekking van Jesus uit die dood is ook bewys dat Jesus die Heilige van God is soos wat dit in Psalm 16 geprofeteer is. Dus is Jesus as die Heilige van God ook afgesonder vir God en sonder sonde. In hierdie woorde hoor ons dus twee eienskappe wat ons bely eie is aan die Verlosser wat ons nodig het – Hy moet ware God wees en Hy moet regverdige mens wees.

- | |
|---|
| 22. Watter resultate lewer Jesus se lewe en werk vir mense op? (vers 38-39) |
| 23. Wat wil Paulus bereik met die aanhaling uit Habakuk 1:5? (vers 40-41) |

Paulus het die feite aangaande Jesus aan die mense in Anthiochië verkondig (Hand 13:17-31). Daarna het hy vanuit die Skrif aangetoon dat Jesus werklik die Verlosser is wat God belowe het – Hy is self God en Hy is heilig (Hand 13:32-37). Nou kom Paulus daarby uit om vir die mense te verkondig wat het dit alles met hulle te doen. Hierdie verkondiging het ten doel dat die toehoorders moet weet dat Paulus en Barnabas **die vergifnis van sondes deur Jesus** aan hulle verkondig. Jesus se dood aan die kruis was nie maar net die gevolg van 'n ongelukkige sameloop van omstandighede nie. Hy het gesterf omdat God Hom as Verlosser van sondes gegee het soos Hy deur die profete belof het. Die feit dat God Hom uit die dood opgewek het, is die bewys dat Jesus werklik die beloofde Verlosser is.

Die verdere gevolg – **elkeen wat glo dat Jesus hom ook van sy sondes verlos het, word deur Jesus geregverdig**. Die enigste voorwaarde om deel te kry aan die verlossing van sondes is om in Jesus Christus te glo. Die vergifnis van sondes handel die skuld van die sondaar af. Die regverdiging deur Jesus plaas 'n positiewe balans op die rekening van die gelowige sondaar. Hierdie positiewe balans is die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus wat aan die gelowige toegereken word. Wie in Christus glo, staan voor die heilige God as iemand wat nog nooit enige sonde gedoen of gehad het nie, ja, as iemand wat selfs al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus volbring het.

Die aanhaling uit Habakuk is die Here se woorde in antwoord op Habakuk se eerste klagte. Die Here se antwoord destyds aan Habakuk was die oordeel wat Hy deur die Chaldeërs oor sy volk gaan bring weens die onreg wat hulle pleeg en hulle onwilligheid om te luister as Hy hulle tot bekering roep. Hierdie verkondiging van Paulus aan die Jode en Godvresendes in Anthiochië is die Here se oproep tot bekering en geloof in Jesus Christus. Dit is 'n ernstige oproep, so ernstig dat die Here dieselfde oordeel gaan beskik vir mense wat sy verlossing in Jesus vir hulle minag as wat Hy beskik het oor sy volk wat hulle destyds nie tot Hom wou bekeer nie.

Met hierdie aanhaling wil Paulus dat die hoorders sal besef **hoe ernstig die Here daarvoor is dat hulle in Jesus Christus sal glo**. Hierdie oproep is nie maar 'n oop uitnodiging wat 'n mens kan aanvaar of van die handwys soos mens wil nie. Hierdie waarskuwing laat 'n mens besef dat jou lewe op die spel is.

- | |
|---|
| <p>24. Wie almal het gereageer op die prediking van Paulus en hoe het hulle gereageer? (vers 42-43)</p> <p>25. Wat het Paulus en Barnabas gedoen in antwoord op die mense se reaksie? (vers 43)</p> |
|---|

Onder die mense wat Paulus en Barnabas aangehoor het, was daar **Jode**,

Jodegenote – dit is proseliete – sowel as **mense wat God gevrees** – dit is heidene wat agting vir God gehad het. Elkeen van hierdie groepe het 'n reaksie gehad op die verkondiging van Paulus. Lukas berig eers oor die heidene se reaksie.

Na afloop van die diens in die sinagoge het die mense – sommige tekste toon aan dit was die heidene, waarskynlik na aanleiding van vers 43 – Paulus en Barnabas **versoek om die volgende sabbat weer met hulle oor hierdie dinge praat**. Die hoorders van die evangelie was so aangegryp deur die verkondiging dat hulle nog meer wou hoor.

Baie van **die Jode en Jodegenote** – dit wil sê, almal wat besny was – **het Paulus en Barnabas selfs gevolg**. Dit blyk dat hulle nie eers wou wag vir die volgende sabbat nie. Hulle wil nou reeds nog meer hoor. Hulle glo reeds in die God van hemel en aarde en hulle hoor van die vervulde profesieë in Christus. Hulle wil nog beter begrip kry hiervan.

Op die reaksie van baie van die Jode en Jodegenote vertel Lukas ons dat **Paulus en Barnabas die mense aangemoedig het om in die genade van God te bly**. Hulle het dus die mense gedurende die week verder toegesprek. Aangesien hierdie mense reeds in God glo en waarskynlik aangegryp is deur die verlossingswerk van Jesus Christus, het Paulus en Barnabas hulle aangespoor om in die genade van Jesus Christus te bly. Soos wat Lukas dit berig is dit duidelik dat daar steeds Jode en Jodegenote was wat waarskynlik nie die verkondiging van Paulus geglo het nie.

Dit is eers in vers 44 dat ons hoor hoe Paulus en Barnabas gereageer het op die versoek van die mense om nog verder van hierdie dinge te hoor. Die volgende sabbat was daar heelwat heidene uit die stad ook in die sinagoge bymekaar om te hoor van Jesus Christus. **En Paulus en Barnabas was daar om hulle verder te onderrig**.

26. Waarom het al hierdie mense bymekaar gekom? (vers 44)

27. Wie is die mense na wie Lukas verwys wanneer hy praat van *byna die hele*

stad? (vers 44)

28. Waarom het die Jode so heftig gereageer? (vers 45)

29. Wat was die Jode se reaksie? (vers 45)

In vers 42 het Lukas berig dat die mense Paulus en Barnabas versoek om die Woord van God aan hulle verkondig moet word. Hierdie mense is in die vertaling aangedui as die heidene. Dit was waarskynlik die Godvresendes wat hierdie versoek tot Paulus gerig het. Gedurende die week sou hierdie mense aan almal wat hulle geken het vertel van die groot genade van God waarvan hulle in die sinagoge gehoor het. Deur hierdie vertelling van die wat reeds gehoor het, is die belangstelling by baie mense in die stad aangewakker.

Natuurlik moet 'n mens hierin die hand van die Heilige Gees opmerk. Die wat die verkondiging gehoor het, was aangegryp deur die Woord van die Here. Hulle het met groot opgewondenheid aan ander mense vertel. En as gevolg van baie ander faktore waarvan die Here nie hier melding maak nie, **het die Heilige Gees al hierdie mense getrek om na die Woord van God te luister**. Lukas stel dit baie treffend in hierdie gedeelte. Nie minder nie as vier keer verwys hy na die Woord van God. Die mense het saamgekom **om die Woord van God te hoor** (vers 44); Paulus en Barnabas het **die Woord van God verkondig** (vers 46); die heidene het **die Woord van die Here geprys** (vers 48); en **die Woord van die Here** het deur die land **versprei** (vers 49). Dit was die krag van die Woord van die Here wat byna die hele stad saamgebring het. **Hierdie mense was almal heidene en nie eers Godvresendes nie wat in die stad gewoon het.**

Toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul, skryf Lukas. Die Jode was geskok toe hulle die skare heidene bymekaar sien om die Woord van God te hoor. Hierdie reaksie van die Jode moet toegeskryf word aan hulle **afguns en jaloesie**. Die Jode wil nie verstaan dat die Here ook die God is van die heidene nie. Die Jode is tog die volk van die Here van Abraham se tyd af. Hulle wou nie die Here ook met hierdie heidene deel nie. Verder was hulle ook jaloers omdat die nuwelinge – Paulus en Barnabas – so 'n groot skare mense kon trek en nie die leiers van die sinagoge nie.

Daar was ook sommige van hierdie Jode wat nie vir Paulus en Barnabas die vorige dag gevolg het nie (vgl. vers 43). Dus was daar onder die Jode nog mense wat van oortuiging was dat Jesus nie werklik die Verlosser en Messias is nie. Dus is dit ook vanweë hulle **ongeloof** dat hulle so gereageer het.

In plaas daarvan dat die Jode met die Heilige Gees vervul moes wees, was hulle met **nydigheid** vervul. Hulle het 'n wrewel in hulle hart gedra, want hoe durf die heidene sommer hulle plek oorneem. Wie dink die heidene is hulle om in sulke massas na die Woord van die Here – die Jode se Here – te kom luister. En teenoor Paulus en Barnabas het hulle woedend die woord wat Paulus verkondig met **lasterlike woorde weerspreek**. Hulle het Jesus gelaster deur te beweer dat Hy nie werklik die Messias en die Seun van God is nie.

30. Watter gesindheid het in Paulus en Barnabas navore gekom in antwoord op die Jode se nydigheid en lasterlike woorde? (vers 46)
31. Waarom was dit noodsaaklik dat die Woord van God eers aan die Jode verkondig word? (vers 46)
32. Watter redes voer Paulus aan waarom hulle hulleself nou tot die heidene wend? (vers 46)
33. Watter Skriftuurlike rede voer Paulus aan waarom hulle hulleself nou tot die heidene wend? (vers 47)

In antwoord op die Jode se nydigheid en die lasterlike woorde waarmee hulle Paulus se woorde weerspreek het, het Paulus en Barnabas **vry-uit gesprek**. Die werkwoord wat ons vertaal met *vry-uit gesprek* het die dieselfde stam as die woord wat vertaal is met *vrymoedigheid* in Handeling 4:29. Die afleiding wat ons hier dus maak is dat die Heilige Gees aan Paulus en Barnabas die vrymoedigheid geskenk het om voort te gaan om die Woord van God te verkondig. Dit was dus nie domastrantheid of hardkoppigheid van Paulus en Barnabas se kant nie, maar die kragtige werk van die Heilige Gees wat Paulus-hulle in staat gestel het om voort te gaan met die verkondiging.

Die evangelie van Jesus Christus moes eerste aan die Jode verkondig word, aangesien **die belofte van die Messias eerste aan die Jode gemaak is**. Dit is immers aan Abraham en sy nageslag wat die Here eerste die verlossing belowe het. Dit is immers uit die nageslag van Abraham wat God die Verlosser gegee het na die vlees. In die koms, werk, sterwe en opstanding van Jesus Christus het die apostels dit telkens duidelik gemaak dat God sy beloftes aan die Jode vervul het. So het Paulus dit ook in die verkondiging die vorige sabbat duidelik gemaak toe hy telkens verwys het na die beloftes wat deur die profete in opdrag van die Here uitgespreek is.

Die Jode het egter die evangelie van Jesus Christus verwerp. Hulle verwerping van die evangelie het duidelik geword in die lasterlike woorde wat hulle gespreek. Met hulle lasterlike woorde het hulle te kenne gegee dat Jesus nie werklik die Messias en die Seun van God is nie. En deur hierdie verwerping van die evangelie het hulle self te kenne gegee dat **hulle nie die ewige lewe waardig is nie**. Die verwerping van die evangelie en hulle eie oordeel oor hulleself is die redes wat Paulus aanvoer waarom hy en Barnabas hulle nou tot die heidene gaan wend.

Die ewige lewe is alleenlik moontlik vir hulle wat in Jesus Christus glo, aangesien 'n mens slegs deur Jesus Christus weer in 'n herstelde verhouding met God kan kom. Deurdat die Jode Jesus Christus verwerp het, het hulle in werklikheid ook gesê dat hulle hulleself nie waardig ag om die ewige lewe te ontvang nie. Dit is 'n oordeel wat niemand anders as hulleself oor hulle uitgespreek het.

Paulus haal die woorde uit **Jesaja 42:1 en 6** aan. In Jesaja 42 openbaar die Heilige Gees waarvoor die Kneg van die Here gestuur is deur God – om 'n lig vir die nasies te wees. Aanvanklik is Israel die kneg van die Here gewees om sy Woord uit te dra na die nasies toe, maar hulle het dit nie gedoen nie. God het sy Seun gestuur as sy Kneg, want in Christus het die ou-ou belofte aan Abraham tot vervulling gekom – naamlik dat al die volke in Abraham geseën sal wees.

Jesus Christus is die lig vir die wêreld, sodat elkeen wat na Hom toe kom en in Hom glo redding kan ontvang. Die redding wat Jesus Christus bewerk het, is nie net vir die Jode bedoel nie, maar vir al die volke op die hele aarde. Daarom het Jesus sy apostelks uitgestuur as getuies van Hom tot aan die uithoeke van die aarde. Deur die kragtige werk van die Heilige Gees is Paulus en Barnabas nou knegte van die Here wat die lig en redding in Jesus Christus tot aan die eindes van die aarde moet dra.

34. Wat het die heidene gehoor wat veroorsaak dat hulle bly was en die Woord van die Here geprys het? (vers 48)
35. Wat bedoel Lukas met die woorde *en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe*? (vers 48)
36. Hoe ver het die Woord van die Here versprei? (vers 49)
37. Wat was die Jode se reaksie op al hierdie gebeure? (vers 50)
38. Wat het Paulus en Barnabas gedoen toe hulle die Jode se reaksie sien? (vers 51)
39. Wie is die dissipels wat met blydschap en met die Heilige Gees vervul is? (vers 52)

Paulus het so pas aan die Jode gesê dat hulle die Woord van God verwerp het en daardeur aangetoon het dat hulle hulleself nie die ewige lewe waardig ag nie. As gevolg van hierdie optrede van die Jode **gaan Paulus en Barnabas hulle nou tot die heidene wend**. Oor hierdie uitspraak van Paulus was die heidene bly. In hierdie woorde het die heidene ook gehoor hoe die apostels aan hulle versoek van 'n week gelede (vgl. Hand 13:42) nou uitsluitlik aan gehoor gegee gaan word.

Die Woord van die Here wat die heidene geprys het, verwys na **die aanhaling van Paulus uit Jesaja**. In daardie woorde hoor die heidene dat dit nie bloot Paulus en Barnabas is wat besluit het om vir 'n tweede prys die evangelie aan die heidene te verkondig nie. Die verkondiging van Jesus Christus aan heidene is God se bedoeling van ouds af.

Met die woorde **en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe** hoor ons van God se werk en die mens se verantwoordelikheid. God het verordineer wie die ewige lewe sal ontvang. Dit is die mense wat God in die ewigheid uitverkies het. Die mense wat die ewige lewe ontvang, ontvang dit slegs langs die weg van geloof. God het ook deur sy Gees geloof in Jesus Christus aan hierdie mense gegee oor wie Hy 'n besluit geneem het. En deur die kragtige werk van die Heilige Gees het hierdie mense die geloof wat hulle ontvang het, begin gebruik – hulle het geglo wat die Here aan hulle gesê het.

Die Woord van die Here het nie net in Anthiochië bekend gebly nie. Die Woord van die Here het deur die hele land bekend geword. **Dit wil sê die mense in die omstreke van Anthiochië het ook bekend geword met die evangelie.** Die optrede van die Jode het dus geen hindernis geplaas in die uitbreiding van die evangelie nie. Die enigste hindernis wat hulle optrede veroorsaak het, was 'n hindernis by hulleself om die Here te glo. Maar hulle optrede het veroorsaak dat meer en meer ander mense graag begin luister het na die Woord van die Here.

In reaksie op die woorde wat Paulus tot die Jode gespreek het, **het die Jode die godsdienstige vroue en die vernaamste mense van die stad opgehits teen Paulus en Barnabas.** Die Jode het veroorsaak dat hierdie vroue en burgers van die stad 'n vervolging teen Paulus en Barnabas begin het wat hulle twee uit die gebied van Anthiochië verdryf het. Die godsdienstige vroue is die heidense vroue wat Godvresend was en deel was van die sinagoge. Hierdie vroue het blykbaar ook 'n groot invloed gehad, daarom het die Joodse leiers van die sinagoge hierdie vroue opgehits saam met die vernaamste mense van die stad.

Hier sien 'n mens weer die agterbakse manier van optrede van die Jode. Die Jode begin nie self die vervolging, aangesien hulle in die minderheid is en nie altyd so geliefd was onder die heidene nie. Maar hulle gebruik ander mense wat meer invloed onder die heidene sal hê om die vuil werk te doen.

Paulus en Barnabas het **die stof van hulle voete afgeskud.** Hierdie manier van

doen was iets wat aan die Jode baie goed bekend was. Wanneer Jode uit 'n heidense stad gestap het, het hulle die stof van hulle voete afgeskud. Daarmee het hulle te kenne gegee dat hulle niks van hierdie onreine omgewing met hulle wil saam neem nie. Jesus het aan sy twee en sewentig dissiplens wat Hy uitgestuur het dieselfde opdrag gegee (Luk 10:10-11). Paulus en Barnabas het met hulle optrede vir die Jode laat verstaan dat hulle twee niks met hulle te doen wil hê wat hulle teen die Here se Woord verhard en dit verwerp nie. Daarop is Paulus en Barnabas na Ikonium wat sowat 145km suidoos van Anthiochië geleë was.

Die dissipels van wie Lukas praat, **kan verwys na die nuwe bekeerlinge in Anthiochië en kan ook verwys na Paulus en Barnabas**. Die nuwe bekeerlinge was met blydschap vervul oor die genade wat hulle ontvang het en die Heilige Gees het hulle vervul om in die geloof te volhard en om voort te gaan met die uitbreiding van die evangelie. Paulus en Barnabas was met blydschap vervul oor wat hulle gesien het die Here in die lewens van die mense van Anthiochië gedoen het en die Heilige Gees het hulle bekragtig om voort te gaan met die werk te midde van en ondanks die vervolging wat die Jode aangehits het.